Landbouweekblad Date 2007/07/06 Page 79 1 / 1

No1508, 6 Julie 2007

# Kommer oor plattelandse veeartse

Deur ISABEL STOLTZ

Veeartseny is by 'n keerpunt en net soos 'n nuwe geslag boere hul plek in die landbou volstaan, só sal veeartse moet aanpas om te oorleef, sê dr. Dietmar Holm van die fakulteit veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het op die kongres van die SA Veterinêre Vereniging (SAVV) se groep vir veegesondheid en produksie gesê veeartse op die platteland word al hoe ouer. "Niemand doen iets om jong veeartse aan te moedig om 'n loopbaan as plattelandse veearts in veral produksiedierpraktyke te volg nie," het hy gesê.

Hy sê daar is toenemende kommer oor die voortbestaan van plattelandse veeartspraktyke – veral ten opsigte van produksiediere.

Hy meen sy professie moet self die verantwoordelikheid dra om jong veeartse te lok deur die moontlikheid van finansiële hulp aan studente te ondersoek. Hy sê studente se belangstelling kan geprikkel word deur beter blootstelling aan produksiedierpraktyke.

Die vleisbedryf is ook bekommerd oor die neiging. Volgens mnr. Lardus van Zyl, ondervoorsitter van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), is daar al hoe meer druk op produsente ten opsigte van dieresiektes en kwessies soos sertifisering en opspoorbaarheid.

Hy sê die toekoms van die rooivleisbedryf lyk rooskleurig met 'n verwagte toename van 43 % in verbruik op lang termyn, maar dit kan net realiseer met die hulp van dieregesondheidsdienste.

"Veeartse moet betrokke raak by programme vir bioveiligheid en produksiebestuur op plase."

Hy stel voor dat veeartse hul organisasie sterker maak vir beter bedingingsmag. Volgens hom kan die rooivleisbedryf ook die moontlikheid van beurse aan toekomstige plattelandse veeartse ondersoek.

Dr. George de Kock van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) se tak in die Wes-Kaap, sê plattelandse veeartse het 'n toenemende rol te speel as konsultante vir plaasbestuur.

"Boere het vaardighede in voeding-, weiding- en besigheidsbestuur nodig." Hy meen veeartse kan help om boere se internasionale mededingendheid te verbeter en kan ook betrokke raak by swart boere om


Senwes spog met puik finansiële resultate

Landbou en kie. buig noodgedwonge die knie

Wes-Kaapse boere laat regering glimlag

4a541